

## 'n Nederige en moedige man JONA—DEEL 1

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op 'n stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

### ① **ONTLEED DIE TONEEL.—LEES JONA 1:1-17; 2:10-3:5.**

Hoe dink jy het die storm geklink en gelyk? \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Watter emosie kan jy in die stemme van Jona en die skip se bemanning hoor?  
\_\_\_\_\_

Beskryf wat Jona moontlik gedink het toe hy in die see weggesink het en nadat hy deur die groot vis ingesluk is. (Lees Jona 2:1-9.) \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

### ② **DELF DIEPER.**

Watter soort mense het in Nineve gewoon, en waarom was Jona aanvanklik dalk huiwerig om hulle te nader? (Nahum 3:1). \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

In watter opsig dink jy was Nineve “'n groot stad voor God”? (Jona 3:3; 2 Petrus 3:9). \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Wat openbaar Jona se eerlikheid toe hy oor sy fout sowel as oor sy God gepraat het, omtrent hom? (Lees weer Jona 1:9, 10.) \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Hoe het Jona moontlik uitgevind wat aan boord van die skip gebeur het nadat hy oorboord gegooi is? (Lees weer Jona 1:15, 16.)

---

---

---

**3 PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER WAT JY GELEER HET OOR . . .**

Vrees. \_\_\_\_\_

---

---

Nederigheid. \_\_\_\_\_

---

---

Moed. \_\_\_\_\_

---

---

Jehovah se beskouing van mense, selfs dié wat dalk vir ons goddeloos lyk. \_\_\_\_\_

---

---

**4 WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN WAAROM?**

---

---

---

Vir verdere navorsing, sien *Die Wagtoring*, 1 Januarie 2009, bladsye 25-28.

